



# Hoofstuk van die dag: Kolossense 3

*Wees altyd dankbaar. (Kol 3:15)*

In hierdie kort brief kom die begrip *dankbaarheid* soos ’n refrein voor. Nie minder nie as 10 keer in die brief roep Paulus die gemeente op tot dankbaarheid. En Paulus sit in die

tronk (4:18b)!
Wat is sy geheim? Paulus se besef hoe baie die Here God vir hom gegee het en elke dag beteken.
As antwoord op die gawes van God, sê Paulus, moet ons dankbaar wees. God verwag nie dankbaarheid sonder om eers aan óns iets te gee nie. Hy red ons, Hy gee aan ons sy liefde en kies ons om sy volk te wees, Hy gee aan ons sy vrede, en eers dán vra Hy van ons ’n antwoord.
Ware dankbaarheid is om vol blydskap en toewyding teenoor God te lewe in die wete dat jou hele lewe deur Hom omvou word. Dít is ’n lewe gerig op God, met ’n lied in die hart en op die lippe, vol van die liefde en vrede wat God aan ons in oorvloed gegee het en elke dag nog gee.
As jou oë werklik oopgegaan het vir die onbegryplike wonder van God se genade, sal jy óók in dankbaarheid teenoor God dit elke dag uitjubel en uitleef.

## Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23  Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

## Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026